NG Gemeente QUAGGAPOORT

LOOF • HOOP • DIEN

Die HERE sal VOORSIEN

AFKONDIGINGS

22 Maart 2020

Teks vir die WEEK

PSALM 51:10

"Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel."

LYDENSTYD

Wat gebeur in ons gemeente?

VANDAG, 22 MAART 2020

Vierde Sondag in Lydenstyd
Ons Oggenddiens is afgestel

HIERDIE WEEK, 23-28 MAART 2020

Geen Bybelstudie

ANDER BELANGRIKE DATUMS

VRYDAG, 10 APRIL 2020
08:00 – Goeie Vrydag Nagmaal

Let asseblief daarop dat hierdie Nagmaal ook afgestel kan word. Ons sal dit die week vooraf weer evalueer en jou op hoogte hou.



Wie verjaar hierdie week?

22 Maart
Suzie van Wyk
23 Maart
Tiaan Labuschagne
Elize van Deventer
26 Maart
Suné Swart
27 Maart
Laetitia du Plessis
Elize Robertson
28 Maart
Hester Saayman
Anthony Tosen

ENRICKO LOMBARD se mammie was siek;
JOHAN STRYDOM (SNR) se mammie is ernstig siek;
SURINDA LOMBARD sterk tuis aan;
DAVID BEHRENS het ons gebede nodig vir sy gesondheid;
DIRK DE VOS het steeds ons gebede nodig;
Bid asseblief vir ons lidmate wat worstel met kanker, nl **ANNATJIE SWANEPOEL** en **EUGENE MARX**;
Kom ons bid vir mense wêreldwyd wat geraak word deur die uitbreek van die Koronavirus;
Bid vir ons gemeente en lidmate se welstand in hierdie onseker tye.

Bid vir ons mense

Aktiwiteite en Nuus van ons gemeente

- Sluit gerus by ons gemeente se WhatsApp-netwerkgroep aan vir voorbidding, inligting en gemeentenuus. Stuur 'n boodskap aan 0834751919 om bygevoeg te word;

- Daar is nie Bybelstudie hierdie week nie;
- Onthou steeds van ons koskasprojek. Daar is gesinne wat dit werklikwaar nodig het. Indien u items het, sal ons dit met graagte by jou kom haal. Laat weet asseblief vir Anthony – 0834751919, of sommer op die WhatsApp-groep;
- Op Goeie Vrydag, 10 April 2020, het ons Nagmaal om 08:00. Onthou asseblief dat hierdie kan verander. Ons sal jou op hoogte hou;

KONTAK ONS

LERAAR
Ds Christo Viljoen
082 444 1633
christoviljoen1@gmail.com

SKRIBA & FINANSIES
Anthony Tosen
083 475 1919
anthonytosen@gmail.com

VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD
Bruce Fenn
082 556 6159
bruce@dbdaxie.com

KERKKANTOOR
Telefoonnommer 060 860 1696
WhatsApp-Groep 083 475 1919
Edna Claase 082 469 6457

Epos-adres
ngkquaggapoort@gmail.com

Webtuiste en Sosiale Media
www.ngkerkquaggapoort.co.za
www.facebook.com/kerkopdiebult

Adres en Kantoor-ure
Sishenstraat 4, Wespark
Dinsdae en Vrydae, 07:30-12:00

Liewe Quaggapoort-lidmaat

NG GEMEENTE QUAGGAPOORT - VOORSORGMAATREëLS KORONAVIRUS (COVID-19)

President Cyril Ramaphosa het Sondag, 15 Maart 2020 sekere regulasies aangekondig met betrekking tot die verspreiding van die koronavirus (COVID-19).

Ons as gemeente moet hierdie regulasies gehoorsaam, en moet daarvolgens handel om die verspreiding van die virus te help bekamp.

Daarom stel die Kerkraad die volgende regulasies in plek:

1. Die Kerkraad het besluit om die volgende drie EREDIENSTE af te stel, naamlik 22 Maart, 29 Maart en 5 April. Al is ons dalk minder as 100 mense, neem ons die welstand van meer vatbare en ouer lidmate in ag, en volg die voorgestelde regulasies deur die Sinode om eerder die verspreiding van die virus te bekamp;
2. Intussen onderneem Ds Christo om weekliks ‘n boodskap op ons sosiale media platvorms te plaas, asook op YouTube. Versprei asseblief die boodskap na lidmate wat u dink dalk nie op ons groepe is nie. Ons moedig u aan om hierdie boodskap op ‘n Sondagoggend te lees of te luister, en dit as ‘n erediensruimte in te rig. Sodoende hou ons almal saam huis-erediens. Hou u Bybel byderhand en steek ‘n kers aan. Ons kan steeds op dié manier as God se kinders saam aanbid;
3. Die Kerkraad sal die situasie weer evalueer in die week voor Paasnaweek om te bepaal of die Paasnaweek se aktiwiteite voortgaan;
4. Die **BYBELSTUDIE** op Woensdae word totaal opgeskort tot na Paasnaweek. Dis meestal ouer lidmate wat die Bybelstudie bywoon wat meer vatbaar is en daarom wil ons nie hierdie lidmate onnodig in gevaar stel nie;
5. Die **KERKRAADSVERGADERING** van 31 Maart 2020 is gekanselleer;
6. Die **12-UUR GEBEDSKETTING** van Saterdag, 11 April 2020, is gekanselleer;
7. Die kerkkantoor word gesluit. Ons personeel maak van openbare Vervoer gebruik en dis werklik onveilig. Hulle sal weer op 14 April vir diens aanmeld. Dit sal nie hulle salarisse of verlof beïnvloed nie;

8. U kan indink dat hierdie besluit ‘n groot impak gaan hê op ons finansies, en pleit daarom om asseblief steeds u eredienskollekte uit te hou, of elektronies in ons rekening te betaal. Ons amptenare moet steeds betaal word, en selfs eredienskoste is ‘n lopende uitgawe, al word dit nie aangebied nie;
9. Diakens of Wykslopers gaan nie tydens Maart en April tuisbesoeke doen nie. U kan u dankoffer elektronies inbetaal, of as u verkies om kontant te betaal, laat weet asseblief u wyksloper om ‘n reëling te maak. U kan ook van die dankofferkoeverte gebruik maak. Doen asseblief moeite om nie u dankoffer agterwee te laat nie. Hierdie tydperk kan vir ons gemeente ‘n buitengewone finansiële uitdaging word in tye waar ons alreeds worstel. Kontak ons gerus om die gemeente se bankbesonderhede te verkry;
10. Pastorale sorg in hierdie onseker tyd is vir ons baie belangrik, en mense kan maklik paniekbevange of bekommerd raak. Ds Christo en enige van die Kerkraadslede is te alle tye beskikbaar om u tot hulp te wees, en is net ‘n oproep ver;
11. Indien dit gebeur dat u tot u woning beperk is en nie kan uitbeweeg vir benodigdhede of medikasie nie, maak asseblief kontak met enige kerkraadslid om u by te staan. Ons is beskikbaar om u te help;
12. Bid asseblief vir ons amptenare, personeel en leraar om bedag te bly op wat dalk op ons wag;
13. Huurders van ons fasiliteite word in kennis gestel van ons maatreëls, en daar word van hulle verwag om soortgelyke voorsorg te tref, en ons in kennis te stel van genoemde voorsorg.

Indien enige van hierdie genoemde maatreëls verander, sal ons u onverwyld in kennis stel.

Dit is vir die Kerkraad belangrik dat ons lidmate veilig bly en nie onverantwoordelik omgaan met die verspreiding van inligting nie. Moet asseblief nie inligting wat u van ander bronne kry, op enige van ons platvorms deel nie. Stuur dit gerus eers vir Anthony om die korrektheid daarvan te bevestig.

Daar is amptelike maatreëls, voorstelle en regulasies vanaf die Sinode van die NG Kerk, en ons sal u op hoogte hou soos dinge verander.

Onthou asseblief die woorde van JOSUA 1:9 –
“Ek self gee vir jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

Vir enige navrae kan u die volgende persone skakel:

Ds Christo Viljoen	Oudl Anthony Tosen
082 444 1633	083 475 1919

Groete in Christus.

DIE DAGBESTUUR EN KERKRAAD, NG Gemeente Quaggapoort